

Geagte redakteur

In prof. Jonathan Jansen se [rubriek van 4 September 2012](#) met die titel “*Dié universiteit hou gevaar in*”, maak prof. Jansen die volgende bewering : “*Dit is die hoëronderrig-weergawe van tuisonderrig, waar jong mense in ’n eng, bevooroordeelde, “Nederduitse Gereformeerde” denkwysse geïndoktrineer kan word, presies hoe Suid-Afrika in die eerste plek veral sedert die 1940’s in die moeilikheid beland het.*”

Alhoewel hierdie artikel nie oor tuisonderrig handel nie, gebruik prof. Jansen hierdie artikel om sy persoonlike opinie oor tuisonderrig te propageer as ’n vorm van onderrig waar jong mense in ’n eng bevooroordeelde Nederduits Gereformeerde denkwysse geïndoktrineer word.

Graag wil ek prof. Jansen uitnoui om die tuisonderrig Expo’s wat oor die volgende maande oor die land aangebied word by te woon. Hy sal verstom wees oor die enorme verskeidenheid kurrikulums wat hy daar gaan sien. As hy met die ouers by die expo gaan praat, gaan hy vind dat baie ouers nie slegs gebruik maak van een kurrikulum nie, maar ’n verskeidenheid kurrikulums. Baie ouers maak glad nie eens gebruik van ’n kurrikulum nie, maar gebruik die werklike lewe as riglyn om te bepaal wat hulle op ’n bepaalde dag met hulle kinders gaan behandel. Die verskeidenheid van kurrikulums wat in tuisonderrig gebruik word staan in skrilte kontras met die uniformiteit van die enkele voorgeskrewe kurrikulum wat in publieke skole gebruik word. Maar prof. Jansen propageer die gedagte tuisenskoolouers hulle kinders indoktrineer met ’n eng bevooroordeelde Nederduits Gereformeerde denkwysse, terwyl hy geen probleem het met die een uniforme kurrikulum wat in publieke skole gebruik word nie.

Verder maak dit ook glad nie sin om tuisonderrig te assosieer met ’n Nederduits Gereformeerde denkwysse nie. Voor 1994, toe die NG Kerk nog baie invloed gehad het, was tuisonderrig onwettig in Suid-Afrika. Diegene wat tuisonderrig gegee het, is vervolgt. André en Bokkie Meintjies is in 1994 in die tronk gesit omdat hulle hul kinders self wou onderrig. Dit is eers na 1994 dat tuisonderrig in Suid-Afrika toegelaat is.

Dit is teleurstellend dat iemand met die statuut van prof. Jansen samesweringsteorieë en die rassekaart moet uithaal om ’n vorm van onderrig wat wêreldwyd besig is om te groei verdag te maak.

Bouwe van der Eems
Vereniging vir Tuisonderrig